Pretoria- 12 Mei 2013

Skriflesing: Psalm 114
Heidelbergse Kategismus: **Sondag 26**
Sing: Ps. 18: 1,2,8; Ps. 42: 1,4; Ps. 46:1,2

Psalm 114

Psa 114:1 Toe Israel uit Egipte getrek het, die huis van Jakob uit 'n volk met 'n vreemde taal,
Psa 114:2 het Juda sy heiligdom geword, Israel sy ryksgebied.
Psa 114:3 Die see het dit gesien en gevlug; die Jordaan het agteruitgewyk.
Psa 114:4 Die berge het rondgespring soos ramme, die heuwels soos lammers.
Psa 114:5 Wat is dit met jou, o see, dat jy vlug? o Jordaan, dat jy agteruitwyk?
Psa 114:6 o Berge, dat julle rondspring soos ramme? o Heuwels, soos lammers?
Psa 114:7 Beef, aarde, voor die aangesig van die HERE, voor die aangesig van die God van Jakob,
Psa 114:8 wat die rots verander het in 'n waterplas, die keisteen in 'n waterfontein!

Sondag 26
69* Vraag*: Hoe word jy in die heilige doop daarop gewys en daarvan verseker dat die enige offer van Christus aan die kruis jou ten goede kom?
Antwoord: So: Christus het die uitwendige waterbad ingestel (a). Daarby het Hy beloof (b) dat ek net so seker met sy bloed en Gees van die onreinheid van my siel, dit is, van al my sondes, gewas is (c) as wat ek uitwendig met die water gewas is, wat die vuilheid van die liggaam wegneem.
(a) Matt 28:19. (b) Matt 28:19; Mark 16:16; Hand 2:38; Joh 1:33; Matt 3:11; Rom 6:3, 4. (c) 1 Pet 3:21; Mark 1:4; Luk 3:3.
70* Vraag*: Wat beteken dit om met die bloed en Gees van Christus gewas te wees?
Antwoord: Dit beteken om van God vergewing van sonde uit genade te ontvang ter wille van die bloed van Christus wat Hy in sy offer aan die kruis vir ons gestort het (a). Verder, om deur die Heilige Gees vernuwe en as lede van Christus geheilig te wees sodat ons die sonde hoe langer hoe meer afsterwe en godvresend en onbesproke lewe (b).
***(a) Heb 12:24; 1 Pet 1:2; Op 1:5; 7:14; Sag 13:1; Eseg 36:25. (b) Joh 1:33; 3:5; 1 Kor 6:11; 12:13; Rom 6:4;* Kol 2:12.**
71* Vraag*: Waar het Christus ons belowe dat Hy ons net so seker met sy bloed en Gees wil was as wat ons met die doopwater gewas word?
Antwoord: Met die instelling van die doop wat soos volg lui: "*Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees...*" (Matt 28:19); en: "*Hy wat glo en hom laat doop, sal gered word; maar hy wat nie glo nie, sal veroordeel word*" (Mark 16:16). Hierdie belofte word ook herhaal waar die Skrif die doop die *bad van die wedergeboorte* en *die afwassing van die sondes* noem (Tit 3:5; Hand 22:16).

Skriflesing: Psalm 114
Heidelbergse Kategismus: **Sondag 26**
Sing: Ps. 18: 1,2,8; Ps. 42: 1,4; Ps. 46:1,2

Geliefdes in ons Here Jesus Christus,

Ons belydenis begin nou om vir ons die heilige doop in te lei met 'n vraag wat nie bedoel om 'n lesing oor die doop te wees nie. Néé, die gelowige kind van die Here word self direk aangespreek oor wat sy doop vir hom/haar beteken. Wat beteken u en my doop nou nog vir u en my. Elkeen moet persoonlik hierop kan antwoord. Wat leer ons en waarvan is ons seker as die doop ons belydenis word? Die doop, die uitwendige waterbad wat God Self in Jesus ingestel het.

Dan praat ons van die doop as 'n uitwendige waterbad wat reeds in die Ou Testament bestaan het. Die sondvloed, toe God vir veertig dae en veertig nagte oor die aarde laat reën het, dit was hulle doop. Die Rooi-See of die Skelfsee waardeur die volk Israel droog voet deurgetrek

het, toe hulle uit Egipte gevlug het, dit het met die doop te make. Ook toe Israel die land Kanaän wou intrek, toe kom die doop ter sprake, want toe hulle by die walle van die Jordaan rivier kom het die water ook teruggewyk sodat Josua die volk daardeur die land kon inlei.

***

Die doop in die Ou Testament, al is dit die sondvloed, die Rooi See, die Jordaanrivier, is elke keer God se uitwendige waterbad. Reiniging en redding kom elke keer deur hierdie waterbad van die Here ter sprake. Elke keer is daar 'n genade betoning aan God se kinders deur hierdie waterbad, maar ook 'n gerig voltrekking aan die ongelowiges deur dieselfde waterbad.

Toe Israel nog aan die Egiptiese kant van die Rooi-See gestaan het, moes hulle deur die see gaan sodat hulle gewas kan word om ander kant as God se gereinigde volk uit te kom. Soos ons in die Psalm gelees het – *Die see het dit gesien en gevlug*…..Die Psalm is spesifiek geskryf om die uittog van Israel uit Egipte te herdenk, wat nou met die doop in verband staan. Dit het te doen met die wonder van God se verlossing waaroor die doop ook handel.

En as die Psalmdigter vra – *Wat is dit met jou, o see, dat jy vlug,* dan moet die waterbad van God daargestel word dat sy kinders gewas word. Al het die volk Israel anderkant net soveel gesondig nadat hulle deur die see getrek het, verander dit niks aan die simbool dat God sy kinders was nie. Die sondvloed was ook 'n groot bad. 'n Reiniging vir die hele wêreld. Die water wat 'n graf geword het, sodat ons by die doop nog 'n graf sal raaksien. Die sondvloed was 'n graf vir alle mense, behalwe 8 mense, Noag en sy gesin. Die Rooi-See was 'n graf vir Farao en sy hele weermag. Die Jordaan was vir almal in die land Kanaän 'n teken van die graf wat gedink het hulle kan vir Israel daar uithou. Gedagtig aan die graf by die doop, staan ons doop ook nog in verband met die graf. Romeine 6:3,4 – *Of weet julle nie dat ons almal wat in Christus Jesus gedoop is, in sy dood gedoop is nie? Ons is dus saam met Jesus begrawe deur die doop in die dood, sodat net soos Christus uit die dode opgewek is deur die heerlikheid van die Vader, ons ook so in 'n nuwe lewe kan wandel.…*

***

Die graf van Jesus Christus het ons doop moontlik gemaak dat ons vandag verby daardie graf kan kyk. En tog die opmerklike om in Jesus gedoop te wees hou in om eers in die graf te wees, die graf van die sonde, soos wat Noag en Israel ook eers deur die graf, die waterbad moes deurtrek, sodat die graf juis vir hulle die reiniging en redding kon word. Israel se verder gaan, is juis 'n gaan vanuit hierdie graf van die doop in die sondvloed, in die see, in die rivier, wat hulle verlossing is.

Die doop in ons lewe sien op dieselfde doop waarin ons met Jesus Christus verder gaan. **Christus het die uitwendige waterbad ingestel – só** het ons bely. Selfs die Jode in Jesus se tyd het die uitwendige waterbad geken. In die sogenaamde proseliete doop moes heidene wat voor die tyd as honde beskou is, óók eers deur die Jode gedoop word, voordat die heiden hom by die Jode kon voeg. Die Jode het geredeneer dat elke heiden éérs van sy vuilheid gereinig moet word, voordat die mens tussen hulle 'n plek kon kry.

***

Nou kom Johannes, die Doper en hy doop die mense daar by die Jordaanrivier. Hy sluit aan by die proseliete-doop, maar met die belangrike verskil, hy doop nie heidene wat Jode wil word nie, hy doop Jode wat die koninkryk van God wil beërwe. Johannes se doop word dan ook die *doop van bekering tot vergifnis van sondes genoem.* En Jesus wat Self nooit iemand gedoop het waarvan ons weet nie, Hy sluit weer aan by sy wegbereider Johannes. Jesus stuur sy dissipels twee-twee uit met die bevel om die mense te gaan doop. In die bevel sit dan ook nog die uitdruklike voorwaarde van Jesus dat hulle alleen na die Jode mag gaan, nie na die heidene nie (Matt.10:5). Eers moes daar nog iets gebeur. Die uitwendige waterbad van God moes as't ware in Jesus nog eers vol word.

En die bad word vol en aan die einde van die Mattheus-evangelie, hoor ons die opdrag van Jesus aan dieselfde dissipels weergalm. *Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het.* En dan ook op grond van die doop, die uitwendige waterbad, voeg Jesus die belofte by – *En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld.* Aan hierdie belofte is die doop verbind – DAT JESUS MET ONS IS.

***

Die doop van Jesus noem Hy die doop in die Grieks – "baptismos". Die woord is afgelei van 'n Griekse werkwoord wat beteken om nat te maak, te benat, onder die water te dompel, af te was. Wanneer Petrus in sy eerste brief (hoofstuk 1:2) na die uitwendige waterbad soos wat dit na die doop verwys skrywe dan noem hy die doop in die Grieks "rantismos". Die Herbreër skrywer het in hoofstuk 10:22 en ook 12:24, dieselfde woord vir die doop. In al hierdie plekke is die betekenis weer uitsluitlik dié van besprinkeling. Onderdompeling of besprinkeling, dis nie waaroor die doop gaan nie, die doop gaan oor die water, die punt waarop dit aankom, dit geskied met water. Water is simbool van afwassing. In die onderdompeling sit die graf simboliek van Romeine 6 waarna ons reeds verwys het. Die

ingaan in die graf, maar ook die opstaan, die uitgaan uit die graf. Die badwater, is dan ’n graf bad.

Die besprinkeling met die doopwater kom nie soseer terug na die graf nie, maar na die bloed wat Christus gestort het. Die idee van besprinkeling kom egter nog vroeër terug, met wat in die tempel gebeur het. Besprinkeling was aan Israel goed bekend wanneer die hoëpriester op die groot versoendag die offerbloed op die versoendeksel van die verbondsark gesprinkel het. (Ons het hierna gekyk in die reeks wat oor die feeste van Israel gehandel het). Hierdie besprinkeling met bloed het al gewys na die bloed wat Christus sou stort. Nou kom die besprinkeling met die doopwater en dit wys terug na die bloed wat Christus gestort het. Daar is versoening by God!

Ons belydenis vra dan ook – **Wat dit beteken om met die bloed en Gees van Christus gewas te wees?** Dan is ons belydenis die grond van die heilige doop – **Uit genade het ons vergewing van sondes ontvang terwille van die bloed van Christus wat Hy in sy offer aan die kruis vir ons gestort het…..**Ons is regverdig voor God, dit is wat eintlik hier staan. Daar is versoening! Maar ons het ook gevra wat dit beteken om met die Gees van Christus gewas te wees? By die regverdigmaking kom daar heiligmaking. Eers regverdig, dan heilig. Eers God se Woord, sy beloftes in Jesus Christus, dan kom die Heilige Gees op grond van hierdie Woord alleen. **Om met die Gees van Christus gewas te wees –** beteken **om deur die Heilige Gees vernuwe en as lede van Christus geheilig te wees, sodat ons die sonde hoe langer hoe meer afsterwe en godvresend en onbesproke lewe.** Die doopwater het nou oorgegaan in vuur, want Christus doop nie net met water nie, maar Hy is die Enigste wat met die Heilige Gees kan was om ons daarmee te doop. ’n Vuur wat louter, so moet ons deur die Gees gelouter word. Dan praat ons van die doop met die Heilige Gees.

In Christus word ons sondes nie net vergeef, afgewas soos die uitwendige water wil wys nie, maar die inwendige, die innerlike, die Gees wat binne ons werk om ons te heilig. God is Self hier waaksaam, dit is nie ons nie.

Ons kom dan by die bad van die wedergeboorte. Die Korinthiërs wat met soveel sondes te doen gehad het, het hulle alleen die sigbare doopwater gehad om aan vas te hou. Die uitsonderlike sigbare teken en seël moes vir hulle die innerlike betekenis van die belofte van die wedergeboorte inhou. Ons lees in 1 Korinthiërs 6:11b – *maar julle het julle laat afwas,*

maar julle is geheilig, maar julle is geregverdig in die Naam van die Here Jesus en deur die Gees van onse God. So dring die Here al dieper die mens in wat begin met die doopwater….*julle is gewas, julle is geheilig, julle is geregverdig.* Al dieper en dieper….

Jesus en die Gees van God is die diepste grond van dit alles. By wyse van die Woord maak die Here dit aan ons bekend, dat Paulus in Efesiërs 5:26 selfs sê *dat Jesus die gemeente gereinig het met die waterbad deur die Woord.* Die Woord waaraan ons belydenis en doop dan ook op die volgende vier plekke aan vashou. Eers Mattheus 28 wat met die doop begin. Ons het reeds daarna verwys. En dan is dit asof die Woord in homself die klimmende of stygende orde volg. Markus 16:16 kom by die geloof. *Hy wat glo en hom laat doop, sal gered word; maar hy wat nie glo nie, sal veroordeel word.*

Let op hoe hierdie doop ook weer by die doop van Johannes aansluit. Die doop van bekering tot vergifnis van sondes kom nou by die geloof, want God is groter as ons, Hy werk nog voordat ons kan werk, Hy wat ook in klein kindertjies werk en hulle die teken laat toekom. Soos wat Jesus dan ook Self as Kindjie die besnydenis toe nog teken van die bloedige doop, op Hom toegepas het.

Dan is die geloof nie iets wat voor die doop moet wees nie, maar as dit die Here behaag Hy juis op grond van sy eie belofte- teken die heilige doop werk. God alleen gee daaraan betekenis, want God alleen gee geloof, dan val geloof en doop saam, sou ons ook ’n belydende gelowige moet doop. Dan gaan ons nog verder en Paulus noem vir Titus die doop bad van die wedergeboorte. Gedoop, geloof, wedergeboorte, ewige lewe, dit is asof die Skrif die opklimmende orde in sy geheel wil vashou, wat begin met water. Paulus moes dit eers op homself toepas voordat hy ons ander daaroor kon leer. By die huis in Reguit straat is Paulus dan ook gedoop met die doop as die teken en seël van die afwassing van sy sondes (Hand.22:16).

So verstaan ons die doop. As die Psalm sê dat die Here se optrede met die water van die Rooi-See die berge soos ramme laat rondspring en die heuwels soos lammers, die kleinvee huppel rond, dan weet ons die klein kindertjies kan op grond van hulle doop wat ook met water begin het rondhuppel.

AMEN